# LAERSKOOL BRACKENFELL
# PRE-PRIMêR

## SKOOLREëLS VIR GRAAD R-LEERDERS

1. Leerders sal die skool in die skool se voorgeskrewe Brackie klere bywoon.

2. Leerders sal te alle tye die skoolgebou, -terrein en –boeke skoon en netjies hou.

3. Leerders mag nie in die gange hardloop nie.

4. Geen gevaarlike speletjies, afknouery of gooi van voorwerpe is toelaatbaar nie.

5. Leerders mag nooit saam met vreemdelinge ry nie.

6. Leerders sal betyds vir skool opdaag.

7. Ons leerders gebruik nooit onwelvoeglike taal nie.

8. Hierdie skool se leerders is altyd bedagsaam, gehoorsaam en gedissiplineerd.

## TOELATINGSBELEID EN -VEREISTES

1. Die leerder se identiteitsdokument en kliniekkaart moet voorgelê word by inskrywing.

2. Voorkeur word aan aansoekers uit die tradisionele bedieningsgebied van die skool verleen.

3. Vir toelating tot graad R-klasse, word die volgende riglyne toegepas:
    - Leerders moet in hul Graad R jaar 6 word. Indien daar nog plek is mag leerders wat voor 30 Junie, 5 word, toegelaat word.
    - **Taalbeleid:** Slegs leerders met Afrikaans of Engels as huistaal sal geakkommodeer word. Immigrante sal slegs in oorleg met die komitee en skoolhoof se goedkeuring aanvaar en geakkommodeer word.

4. Aansoekers, sowel as hul ouers/voogde, moet onderneem om die skoolreëls, asook enige huishoudelike reëls van die skool, asook die opgeleide Graad R-onderwyseresse se opvoedingstaak te eerbiedig.

5. Ouers/voogde onderneem om hul finansiële verpligtinge teenoor die skool na te kom. Betalings geskied voor die 7de van elke maand en is vooruitbetaalbaar.

6. Die tradisies en etos van die skool moet deur die leerders en hul ouers/voogde eerbiedig en bevorder word.

7. Lojaliteit van ons leerders en hul ouers/voogde is noodsaaklik. Die skool moet die trots van ons leerders en ouergemeenskap wees. Slegs dan kan die skool in sy taak tot reg kom. Lojaliteit moet dus 'n onderneming van elke betrokkene wees.

8. Leerders se huistaal sal in aanmerking geneem word by plasing in 'n betrokke klas.

9. Die Beheerliggaam kan te enige tyd toelatingsvereistes hersien.

10. Ouers/voogde aanvaar die Beheerliggaam as die enigste amptelike mondstuk van die ouers van die ingeskrewe leerders van die skool en onderneem om hulle neer te lê by die toelatingsvereistes soos deur die Beheerliggaam bepaal.

11. Indien u gedurende die jaar sou verhuis, moet u die skool onmiddellik daarvan in kennis stel.

12. Indien u u kleuter gedurende die jaar sou onttrek, moet u 'n maand skriftelik kennis gee.

## HUISHOUDELIKE REëLS

**1. SKOOLREëLS:**

Leerders moet aangemoedig word om alle skoolreëls stiptelik na te kom en die besittings van ander te respekteer.

**2. KLEREDRAG:**

Graad R-leerders dra die voorgeskrewe Brackie klere van die skool. GEEN PLAKKIES/SANDALE! In die somer kan hul kaalvoet skool toe kom of anders moet die voorgeskrewe oorheersende wit tekkie gedra word (winter).

Pak 'n ekstra stel klere in vir ingeval dit benodig word.

## 3. NETHEID:

Omdat ons graag trots op ons leerders wil wees en hulle die beelddraers van ons skool is, verwag ons dat elke leerder netjies en goed versorg die skool sal bywoon.

Ons verwag van ons ouers om toe te sien dat die seuns en dogters se hare aan die volgende vereistes sal voldoen:

**Seuns:** Gewone seunstyl – hare mag nie oor die ore hang nie, agter nie langer as die haarlyn wees nie en die kuif mag nie in die oë hang nie. Geen "step" is toelaatbaar nie.

**Dogters:** Lang hare moet gevleg of vasgemaak wees. Indien die hare kort gedra word, mag die kuif nie in die oë hang nie.

## 4. MERK VAN KLERE:

Ouers word vriendelik versoek om toe te sien dat elke kledingstuk en ander besittings (koeldrankhouer, kosbakkie, ens.) van 'n leerder duidelik gemerk is met sy/haar voorname en van.

## 5. VERVERSINGS:

U moet vir u kleuter iets saamgee om in die loop van die oggend te eet en te drink. 'n Plastiekhouer word aanbeveel vir hul toebroodjies en 'n plastiekbotteltjie vir drinkgoed. Die leerder moet die koeldrankbottel self kan oopmaak.

Alles kan in 'n koffertjie, groot genoeg vir bogenoemde, met noemnaam en van bo-op die deksel, gedra word. Die Departement van Onderwys maak die volgende aanbevelings:

- verkieslik bruin/growwe brood;
- nie meer as twee dun snye nie;
- die broodjie moet in vier stukke gesny word, sodat dit maklik hanteerbaar is;
- een soet verrassing in die kosblik is toelaatbaar.

Vrydae sal kleuters ook die geleentheid kry om 'n snoepiepakkie te koop, waarin lekkers en aartappelskyfies is.

## 6. SPEELGOED:

U kleuter mag geen speelgoed saambring skool toe nie. Dit skep probleme by die skool. **Die onderwyseresse neem geen verantwoordelikheid vir sulke speelgoed wat breek of wegraak nie.**

## 7. SKRYFBEHOEFTES:

Skryfbehoeftes moet asseblief nie gemerk word nie, aangesien dit gesamentlik gebruik word. Geen potloodsakkies word benodig nie.

## 8. AFWESIGHEID VAN LEERDERS:

Siek kinders moet liewer deur die ouer tuis gehou word. Meld asseblief die afwesigheid aan. Ons moet weet waar die kind is en wat hom/haar makeer.

## 9. BESOEKE EN OPROEPE:

Ouers word vriendelik dog ernstig versoek **om leerkragte nie gedurende skoolure te besoek of te skakel nie.** Laat 'n boodskap by die sekretaresse.

Alle besoekers aan die skool moet by die kantoor aanmeld.

**Geen onderwyseres mag in haar klastyd gespreek word nie,** aangesien die kleuters nog nie selfstandig genoeg is om alleen gelaat te word nie en onderbrekings probleme kan skep.

## 10. REëNDAE:

Op reëndae mag leerders nie buite speel nie en sal hulle, met die onderwyseres se medewete, in die klas besig bly.

## 10. VEILIGHEID:

Leerders moet enige beserings, gevare of ongerymdhede by hul onderwyseres aanmeld.

# ALGEMENE INLIGTING

## 1. KLASTYD:

Die kleuters moet die Graad R klas vyf ure per dag bywoon. Hulle sal vanaf 07:40 tot 13:15 onderrig ontvang en moet soggens en smiddae stiptelik gebring en gehaal word.

Geen kind sal toegelaat word om voor 13:15 huis toe te gaan nie, tensy dit 'n noodgeval is. Die onderwyseresse sal reeds vanaf 07:15 by hul klasse wees om die kleuters te ontvang. **Geen kleuter sal voor 07:15 ontvang word nie.** Tref dus vroegtydig reëlings.

Die leerders moet deur uself, of 'n ander volwassene, by die klas afgehaal word.

Kleuters word nie toegelaat om oor die strate te loop nie en moet dus fisies by die klas afgegee en gehaal word. Die leerders gebruik die hek in Araunastraat vir toegang. As u hulle nie self kan kom haal nie, moet u reëlings tref dat iemand

anders hulle kan kom haal en die onderwyseresse daarvan in kennis stel.

**Daar kan nie na 13:15 verder aandag aan die leerders gegee word nie, aangesien daar ander skoolverpligtinge is wat die aandag van die leerkragte vereis.**

## 2. TOEGANG TOT SKOOL:

Alle Graad R-leerders kry toegang tot die skool (slegs) deur die hek by Araunastraat. **Hierdie hekkie sal om 07:15 oopgesluit word vir leerlinge, nie vroeër nie.**

## 3. KURRIKULUM:

Die kleuters ontvang informele onderrig. Hul dagprogram, wat deur die Departement van Onderwys voorgeskryf word, is gemik op die gereedmaking vir Graad 1.

Ons werk volgens Temas. ’n Tema strek gewoonlik oor ‘n week, maar party word meer intensief aangebied en word oor ‘n tydperk van twee weke aangebied.

Ons stuur elke Vrydag ‘n nuusbrief aan die ouers waarin inligting in verband met die nuwe tema saamgevat is, asook ander sake wat ons onder u aandag wil bring.

## 4. DAGPROGRAM:

Ons volg elke dag ‘n spesifieke dagprogram en probeer sover moontlik om by hierdie roetine te

hou. Dit is dus baie belangrik dat u kleuter altyd betyds sal wees wanneer die klok om 07:40 lui.

Die program sien soos volg daaruit:

| | |
|---|---|
| 07:40 - 08:00 | Vryspel |
| 08:00 – 08:15 | Godsdiens en oggendkring |
| 08:15 – 09:15 | Wiskunde fokusgroep |
| 09:15 – 09:30 | Tema bespreking |
| 09:30 – 10:00 | Buitespel |
| 10:00 – 10:10 | Toiletroetine |
| 10:10 – 10:30 | Verversings |
| 10:30 – 11:30 | Taal fokusgroep |
| 11:30 – 12:00 | Musiek / Drama |
| 12:00 – 12:40 | Vryspel |
| 12:40 – 13:00 | Los als en lees |
| 13:00 – 13:15 | Storietyd en afsluiting |

## 5. FINANSIES:

**Alle skoolfondsbetalings kan slegs by Finansiële kantoor of deur middel van EFT gedoen word.**
Alle gelde moet asseblief in 'n koevert verseël word met die kind se naam, klas, bedrag en waarvoor dit bedoel is, duidelik daarop aangebring.
Plaas asseblief die korrekte bedrag in die koevert, aangesien ons nie kleingeld uitkeer nie.

## 6. SNOEPIE:

Verversings word weekliks op Vrydae te koop aangebied.

## 7. MOTORIEK:

‘n Grootmotoriese ontwikkelingsprogram word 2x per week deur spesiaal opgeleide personeel aangebied. ‘n Wye spektrum word gedek.

Sport vind plaas gedurende skooltyd: Maandae en Donderdae vanaf 12:00 tot 13:00.

Somersport: Atletiek, tennis en krieket
Wintersport: Rugby, hokkie en netbal.
Elke leerder moet ’n keuse maak van een wintersport en een somersport.

Geen ekstra fooie word gevra nie. Dis ingesluit by die skoolfonds.

# BUITEMUURSE AKTIWITEITE:

**SPORTBELEID:** Gedurende sportoefentye probeer ons om die leerders die nodige kennis asook vaardighede en tegnieke aangaande die betrokke sportsoort aan te leer. Om die jong kinders teen onnodige beserings te beskerm, neem ons nie aan formele wedstryde deel nie. Daarom word die Gr R-leerders ook nie toegelaat om saam met ander ouderdomsgroepe deel te neem nie.

## 1. SPORT :

Somer: Krieket, tennis en atletiek.
Winter: Rugby, netbal en hokkie
Sport word 2x per week aangebied.

**2. BUITEMUURS:**

Privaatonderrig word op die perseel aangebied na skool ure. Verdere besonderhede is by die Graad R beskikbaar.
Ballet, Rugga Kids, Moderne dans / Hip Hop, Cricky cricket.

# GRONDWET VAN DIE LAERSKOOL BRACKENFELL PRE-PRIMêR

**1. NAAM:**

Laerskool Brackenfell Pre-Primêr

**2. BEHEERLIGGAAM:**

Die Laerskool Brackenfell Pre-Primêre Skool se sake sal bestuur word deur die Beheerliggaam van die Laerskool Brackenfell in samewerking met 'n verkose komitee uit die gemeenskap.

**PLIGTE:**

2.1 Om toe te sien dat die skool bedryf word binne die reëls van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, regulasies wat van tyd tot tyd deur die Departement neergelê word en departementele omsendbriewe wat verskyn.

2.2 Om toe te sien dat die onderrigprogram, soos deur die Departement aanbeveel, toegepas word.

2.3 Om in oorleg met die Skoolhoof, in beheer te wees van alle sake rakende die skool.

2.4 Benoeming van die personeel as uitvloeisel van 2.3

2.5 Om fondse vir die skool in te samel, die bates doeltreffend te beheer en in belang van die leerlinge aan te wend.

2.6 Om van tyd tot tyd klasgelde aan te pas.

## 3. FINANSIES:

Die finansiële jaar strek van 1 Januarie tot 31 Desember. Die Skoolhoof, of sy gedelegeerde (Komitee Tesourier) ontvang geld, reik behoorlike kwitansies daarvoor uit en deponeer alle gelde in die Laerskool Brackenfell se bankrekening: Pre-Primêr.

**Alle finansies word deur die Beheerliggaam van die Laerskool Brackenfell beheer.**